TRADISIONELE BOERMUSIEKKLUB VAN SA
POSBUS 55549
ARCADIA
0007
12 APRIL 1994

NUUSBRIEF NR 2/94

Geagte Lid

Die tyd vlieg verby en dit is alweer tyd vir die volgende nuusbrief. Ons hoop van harte dat die nuwe jaar vir u almal baie goed begin het en dat dit so sal bly vir die res van die jaar.

Op hierdie stadium het ons nog geen nuwe advertensies of enige ander nuusbrokkies van ons lede ontvang nie. Ons het ook geen reaksie gekry van lede wat miskien weet waar ons 19 "vermiste" lede hulle nou bevind nie. Net een lid (wat vermis was) het van hom laat hoor. Ongelukkig moes ons die 18 lede wat vermis is, van ons ledelys verwyder, asook die 12 lede in paragraaf 2 genoem.

1. LEDEGELDE : Die grootste gros van ons lede het hul ledegelde reeds inbetaal, maar daar is nog 'n hele klompie wat nie hul ledegelde vir 1993 en 1994 betaal het nie. Dan het 'n hele paar lede hul ledegelde tot 1996 vooruit betaal. Ons wil tog weereens vir ons lede GROOT ASSEBLIEF vra om hul ledegelde so spoedig moontlik te betaal - sodoende sal ons minder rekenings aan die einde van die jaar hoef uit te stuur. Alle tjeks of posorders moet na bg adres gestuur word.

LEDE MOET ASSEBLIEF ONTHOU DAT DIE LEDEGELDE MET INGANG VAN 01 APRIL 1994 VERHOOG IS TOT R30-00 PER JAAR. (SIEN NUUSBRIEF NR 1/94, GEDATEER 15 JANUARIE 1994, PARAGRAAF 5).

2. VERMISTE LEDE : Die volgende lede se pos het sedert die uitstuur van die eerste nuusbrief teruggekom en is ook van die ledelys verwyder :

a. Mnr D.G. Booysen, Mimosastraat 37, Middelburg 1050
b. Mnr J.J. Booyzen, Vickers No 5, Brandwag 9301
c. Mnr J. Burger, Mimosastraat 37, Middelburg 1050
d. Mnr A. De Lange, Posbus 86, Pokwani 8565
e. Mnr J.A.P. Duffield, Bretagnestraat, Bayswater, Bloemfontein 9301
f. Mnr T. McKenzie, Posbus 57, Hartswater 8570
g. Mnr D.G. Peens, Posbus 49596, Hercules 0030
h. Mev D.C.Y. Viljoen, Posbus 10816, Strubenvale 1570
i. Mnr A. Du Toit, Posbus 221, Magogong 8575
j. Mnr H.D.K. Van der Merwe, Posbus 23614, Gezina 0084
k. Mnr & Mev P.J. Calitz, Posbus 1302, Bloemfontein 9300
l. Mnr A. Du Plessis, p/a 8 Eskader, Privaatsak X8, Bloemfontein 9300

3. OORLEDE : Dit is met spyt dat ons die afsterwe van die volgende drie lede aankondig :

a. Mnr G.P. Hattingh, Collinslaan 1214, Waverley 0186
b. Mnr P.J. Lotter, Posbus 1253, Bedfordview 2008
c. Mnr W.J.M. Breytenbach, Posbus 44, Arnot 1051

Langs hierdie weg dra ons ons lede se simpatie en medelye oor aan die familie en familielede.

4. BYEENKOMSTE TE ESSELENPARK : Tydens die laaste byeenkoms te Esselen Park ontspanningsaal, op 5 Februarie 1994, was daar heelwat klagtes ten opsigte van die pryse van, bv brandewyn, te hoog was. Die prysiyste het aangetoon dat die prys van 'n TOT brandewyn (20mL) R4-50 is. Graag wil ons ons lede, en nie-lede, daarop wys dat dit die prys van 'n **MINIATUUR BOTTEL (50 mL)** is. Ons wil tog net weer graag ons lede daarop wys dat die Esselen Park ontspanningsaal 'n drank-lisensie het, **DUS MAG GEEN GEBOTTELDE ALKOHOLIESE DRANK DIE SAAL BINNE GEBRING WORD NIE.** Ons wil ook ons lede daarop wys, dat as ons nie meer van Esselen Park se ontspanningsaal gebruik kan maak nie as gevolg van die inbring van alkoholiese drank, ons BAIE diep in knyp sal wees ten opsigte van alternatiewe sale vir byeenkomste.

ASSEBLIEF, LEDE, ONS VRA U SAMEWERKING - MOET ASB NIE GEBOTTELDE ALKOHOLIESE DRANK DIE SAAL IN BRING NIE - VRA OOK ASB VIR U VRIENDE EN FAMILIELEDE SE SAMEWERKING. ONS SAL DIT BAIE WAARDEER.

Daar is **GEEN** beperking op die koeldrank wat u wil saambring nie. Laat ons saamwerk en die toekomstige byeenkomste 'n groot sukses maak. 'n Versoek sal aan die bestuur van die saal gerig word om 'n groter verskeidenheid van wyn beskikbaar te stel.

5. OORSESE LID : Dit wil voorkom of die TBK se lidmaatskap na die verste hoeke van die aardbol uitbrei. Afgesien van die lede wat ons in Kanada en Australie het, het een van ons lede na New Zealand verhuis - hy is Mnr J.S. Smith voorheen van Posbus 2179, Kocksvlei 1764. Sy nuwe adres is :
MR J.S. SMITH, 22 BOYS PLACE, PAKURANGA, AUCKLAND, NEW ZEALAND.
Namens die TBK wens ons Mnr Smith en sy gesin alles van die beste toe in hul nuwe omgewing en dat hulle gou daar sal aanpas. Ons hoop dat Mnr Smith AL die TBK se plate saamgeneem het, en dat die TBK klanke ook in Pakuranga gehoor sal word !! U kan maar ook vir ons so af en toe 'n brief in die pos gooi. Sedert ons laaste nuusbrief het ons nog nie van Dr Greeff (Katanning - Wes Australie) en Mnr E.R. De Kock (West Vancouver - Kanada) gehoor nie, maar ons vertrou dat hulle darem nog nie van die TBK vergeet het nie !

6. RADIO PRETORIA : Teen hierdie tyd het baie ons lede, in die opvangsgebied van Radio Pretoria, seker al kennis gemaak met die uitsendings van **UIT ONS SKATKIS**, wat Saterdae om +-17H15 (5.15nm) deur Danie Labuschagne aangebied word. Danie het dit aan my genoem dat hy wonder of hy nog met die opnames moet voortgaan, want daar is bitter min reaksie op die program. As u voel dat Danie moet voortgaan met die program, skryf aan ons by bogenoemde adres, of skakel vir Danie by 012-3792904. Ons wil nogmaals vir Danie hartlik bedank vir al die moeite wat hy doen om die program saam te stel en om die opnames elke Vrydagaand by Radio Pretoria af te lewer.

7. NUUSBROKKIES VAN TBK TAKKE :

A. PRETORIA-TAK : Eerstens, die teleurstellende nuus **AS GEVOLG VAN DIE VERKIESING EN DIE ONSEKERHEID WAT DAARMEE GEPAARD GAAN, HET DIE TAK, OP AAN-BEVELING VAN DIE KOMITEE EN LEDE, BESLUIT OM DIE BYEENKOMS OP 30 APRIL 1994 UIT TE STEL.**

'n Besluit sal tydens die hoof bestuursvergadering, op 19 April 1994, geneem word ten opsigte van 'n alternatiewe datum. Ons vra om verskoning, maar dit is seker nou maar een van daardie dinge waarmee ons sal moet saamleef. Aankondigings sal op Jakaranda Stereo, Radio Pretoria en Nog 'n Draai (Afrikaans Stereo Vrydag-aande 20H30 (8.30nm) gedoen word ten opsigte van ons volgende byeenkoms.

ALGEMENE JAARVERGADERING : KENNIS GESKIED HIERMEE TEN OPSIGTE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE PRETORIA-TAK VAN DIE TBK OP SATERDAG 4 JUNIE 1994 OM 15H00 (3NM) TE ESSELENPARK ONTSPANNINGSAAL.

Agenda : a. Opening en verwelkoming
b. Notules van die vorige AJV
c. Finansiele verslag
d. Verkiesing van voorsitter en komitee-lede
e. Algemeen
f. Afsluiting (waarna oorgegaan sal word na tradisionele boeremusiek deur musikante (jonk en oud) - die dans begin om 19H30 (7.30nm) en egte tradisionele boeremusiek sal deur die OUDAG BOERE-ORKES, plus 'n genooide orkes, tot middernag gespeel word. Braaivure, pap en sous word verskaf.

VERANDERING VAN DATUM : Weens onvermydelike omstandighede moes die tak sy byeenkoms, wat beplan was vir die 5de November 1994, verskuif na die **12DE NOVEMBER 1994.** Maak maar solank 'n aantekening op u kalender en verwittig u vriende en familie ook asseblief.

B. VAALHARTS-TAK (HARTSWATER) : Ongelukkig het ons die datum van die eerste byeenkoms van die tak net 'n dag te laat ontvang vir publikasie in die eerste nuusbrief. Die tak se vorige byeenkoms, op 25 Maart, was 'n baie groot sukses. Die tak het byeenkomste soos volg beplan :

3DE JUNIE 1994 : ROLBAL SAAL HARTSWATER
3DE SEPTEMBER 1994 : PERSEEL 3.H.15 (STOOR VAN G. BOTHMA)
28STE OKTOBER 1994 : ROLBAL SAAL HARTSWATER.

Vir verdere besonderhede kan u vir Oom Ben Bester by telefoonnommer (05332) 41269 skakel.

C. WESRAND-TAK (KRUGERSDORP) : Die tak hou sy **ALGEMENE JAAR-VERGDERING OP DIE 7DE MEI 1994, OM 15H00 (3NM),** in die Luipaardsvleimyn ontspanningsaal, Krugersdorp. Lede van die tak kan maar solank 'n aantekening van die datum maak. Die volgende byeenkoms daarna is op die **2DE JULIE 1994** in die **ANDRE ROSSOUW-SAAL, RANDFONTEIN.**

Verder verwittig Oom Ben Lowe (voorsitter) dat die byeenkoms wat op die 12de Maart in die Andre Rossouwsaal in Randfontein gehou was, 'n baie groot sukses was en dat Tradisionele boeremusiek ook in hul omgewing besig is om veld te wen. Oom Ben vra ook dat TBK lede van die Wesrand tak in groot getalle op die 7de Mei 1994 moet opdaag om sodoende 'n bevredigende bestuur vir die volgende jaar te kies.

D. PIETERSBURG-TAK : Oom Piet Bester het laat weet dat die byeenkoms van die 29ste Januarie 'n baie groot sukses was. Dit was tydens hierdie byeenkoms dat die boeremusiek beelde van die banjo- en basvioolspeler deur die Burgemeester onthul was. Indien die Pietersburg-lede hierdie nuusbrief betyds kry, onthou die ALGEMENE JAARVERGADERING in die Verre Noord kampterrein op die 16DE APRIL 1994. Die volgende byeenkoms daarna is beplan vir die **3DE SEPTEMBER 1994.** Die laaste byeenkoms vir die jaar is op **5DE NOVEMBER 1994.**

E. BLOEMFONTEIN-TAK : Die tak se volgende byeenkoms, na die 16de April 1994, is beplan vir die **20STE AUGUSTUS 1994** en die laaste byeenkoms vir die jaar is op die **15DE OKTOBER.** Ongelukkig het ons geen verdere nuusbrokkies van Bloemfontein ontvang nie.

7. ALGEMEEN :

A. GOEIE MOTIVERING : Die volgende is 'n aanhaling (ex verbatum) van 'n nuwe lid se motivering om by die TBK aan te sluit : "Ek is 'n groot voorstander en liefhebber van boeremusiek, veral ons TRADISIONELE BOEREMUSIEK, want dit is die musiek waarmee ons groot geword het, en ek reken dit is elkeen se plig om toe te sien dat hierdie Kultuur-erfenis, veral nou met die nuwe politieke-bedelinge in 'n sg nuwe S.A., vir ons eie Afrikaner Volk en nageslag bewaar sal bly."

B. OPERASIE : Teen die tyd dat u hierdie nuusbrief lees, het Stefaan Van Zyl, leier van die OUDAG-Boereorkes, al lankal wakker geword van sy "lang slaap" na 'n nek operasie, wat die 13de April op hom gedoen was. Ons wens Stefaan 'n spoedige en volkome herstel toe. As van ons lede vir hom 'n kaartjie (of blomme !) wil stuur, kan u dit na bg adres stuur. Sy telefoon nommer is 012-3436703.

C. ONGELUK : Danie Grey, konsertina en traporrel-speler van die OUDAG Boereorkes, het 'n nare ondervinding tydens 'n motor ongeluk gehad. Afgesien van 'n seer nek, kneuspiekke en 'n paar blou kolle, het hy gelukkig geen ernstige beserings opgedoen nie. U kan vir Danie by telefoon nommer 012-3799262 na 19h00 (7nm) skakel. Ons hoop en vertrou dat Danie ook spoedig sal herstel. Hy het darem laat weet dat hy die 16de April 1994 in Bloemfontein sal wees tydens die Bloemfontein-tak se volgende byeenkoms.

D. AKOESTIESE BASKITAAR : Die TBK het 'n akoestiese baskitaar aangekoop en is deur Stefaan van Zyl en Danie Labuschagne getoets - resultaat : baie goed. Die baskitaar sal by die eerste geleentheid aan die Vaalharts-tak (Hartswater) oorhandig word. Ons hoop dat Oom Ben en sy manne dit vrugbaar sal gebruik.

E. NAAM VERANDERING ? : Danie Labuschagne, ou grapjas wat hy is, het voorgestel dat die OUDAG Boereorkes se naam verander word na die **AFNEK BOERE-ORKES !!** Hoekom? Omdat hyself, Stefaan van Zyl en Danie Grey nou nek probleme het !! Danie, ek glo nie die nuwe naam sal vir ons lede aanvaarbaar wees nie - OUDAG het gekom om te bly !!

F. NUWE TBK TAK ? : Peet van Staden, die aanhou-danser van Van der Bijlpark, het aanvoorwerk gedoen om vas te stel of daar genoeg ondersteuning in die VAN DER BIJLPARK omgewing is vir die stigting van 'n TBK tak aldaar. Reelings is getref vir 'n tradisionele boeremusiek dans op die 9DE JULIE 1994 in die OLYMPIANS SAAL. Die verrigtinge begin om 18H00 (6nm) - bring u eie eet en drinkgoed saam. Braaigeriewe sal beskikbaar wees. Toegang : R35-00 per paar. Musiek sal deur die OUDAG boereorkes en die plaaslike boereorkes, VERKEERSKNOOP, en moontlik Oom Boet Steyn en seuns verskaf word. Vir verdere inligting, kan u vir Peet van Staden by telefoon nommer **016-812605** gedurende kantoor ure skakel. Sy posadres is : **POSBUS 3036, VAN DER BIJLPARK 1900.**

G. NUWE PLATE : Danie Labuschagne het laat weet dat die volgende langspeelplate (en kassette) in die pyplyn is :

DAWID DE LANGE VOL.2
OOM WILLIE BAUSCHER
OOM HANNES VILJOEN
KRUINSTAD BOERE-ORKES (olv Oom Piet Botes en
FAAN HARRIS VERSAMELING.

Voorwaar pragtige musiek wat nog vir ons wag. Ons sal meer besonderhede in die volgende nuusbrief gee.

So kom ons dan aan die einde van die tweede nuusbrief vanuit die Jakaranda stad. Ons sien daarna uit om nuus/advertensies ens van ons lede te ontvang.

Beste wense en tradisionele boeremusiekgroete,

(T.E. ADAMS : VOORSITTER : PRETORIA-TAK VAN DIE TBK VAN SA)